

2 Desember

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:15-22 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:19

Pasop vir dwaalleer wat vryheid belowe, maar jou verkneg!

In die tweede brief van die apostel Petrus word ons baie sterk gewaarsku teen die gevare van dwaalleer en word ons opgeroep om by die gesonde leer van die evangelie van Jesus Christus te bly. Maar hoekom is dwaalleer so gevaarlik? Vers 19 lig een van die gevare uit: Dwaalleer beloof gewoonlik vryheid aan jou, maar maak eintlik van jou 'n slaaf.

Die ware evangelie maak egter nie slawe van ons nie, maar maak ons kinders van God. Daarom, wanneer iemand vryheid aan my belowe wat verskil van die vryheid wat die evangelie aan my belowe, moet ek weet daar is 'n slang in die gras!

Daarom moet ons baie versigtig wees deur wie ons ons laat beïnvloed. Al is die persoon hoe goed en gaaf, as dit wat hy verkondig nie in alles met die Woord van God ooreenkom nie, moet ons met sy leer niks te doen hê nie. Sulke mense is dan wolwe in skaapsklere. Hulle lyk goed en gaaf, maar die leer wat hulle bring, verskeur gelowiges en gemeentes.

Daar is by God self geen kompromis tussen dit wat Hyself in sy Woord sê en dit wat dwaalleraars sê nie. Iemand wat voorgee dat hy die Here dien, maar wat die Woord nie suiwer bring nie, bedrieg net homself en ongelukkig ook baie ander mense. Moet dus niks glo voordat jy dit nie aan die Woord getoets het nie!

Daarom moet ons self die Bybel lees en lees en lees, sodat ons God se finale en genoegsame openbaring aan ons kan ken. Daarom moet ons ook die ses Belydenisskrifte agter in die Psalmboek lees en lees en lees, sodat ons dwaalleer onmiddellik sal erken as dit op ons pad kom.

Wees daarom toegewyd aan die Here, wees lief vir Hom, dien Hom, volg Hom, gehoorsaam Hom, wag op Hom en doen veral moeite om Hom te leer ken soos wat Hy Hom aan ons in sy Woord openbaar, sodat ons dwaalleer kan bestry en nie self daardeur mislei word nie. En onthou: Die beste manier om dwaalleer te bestry is om die Waarheid te leef!

Sing: Skrifberyming 43 (15-7):4, 5

Ds HPM van Rhyn (Thabazimbi)